# Proefskrifbespreking

AG van Aarde – Engelbrecht, E 1985. *Sending en geregtigheid in die Matteusevangelie* ........ 170

# Boekbespreking

Boekaankondigings: Instituut vir Reformatoriese Studies, Potchefstroom ........ 177
JP Louw – Barkhuizen, JH. *Carmen Christianum* ........ 177
HG van der Westhuizen – Kritzinger, JJ, Meiring, PGJ & Saayman, WH, *You will be my witnesses* ........ 180
DJ Smith – Schulze, L, *Calvin and 'Sound Ethics': His views on property, interest and usury* ........ 181
E Engelbrecht – Fowler S. *Biblical studies in the gospel and society* ........ 185
E Engelbrecht – Fowler S. *The Word of God* ........ 186
E Engelbrecht – Van Rensburg, JJ, *Nie deur geweld ... 'n Kritiese studie oor rewolusie en teologie* ........ 187
SJ Botha – Van der Walt, J, *Calvin and his times* ........ 189
PJ van Staden, *Jeugwerk: Programsketse I en II* ........ 190
WH Swart, *Rondom die teekan* ........ 191

# Proefskrifbespreking

**Engelbrecht, E. 1985. Sending en geregtigheid in die Matteusevangelie**

Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria. Promotor: Prof GMM Pelser

**Resensent: Prof AG van Aarde**

## INLEIDING

Dr Edgar Engelbrecht het met 'n voortreflike proefskrif akademiese, hoë standaard werk gelewer. Dit voldoen bo alle twyfel aan die betrokke deel van die vereistes vir die DD-graad in die Nuwe-Testamentiese Wetenskap. Dr Engelbrecht het 'n eksegetiese sowel as 'n teologiese bydrae gemaak. Die titel van die proefskrif, 'Sending en geregtigheid in die Matteusevangelie', skep reeds uit die staanspoor die verwagting van onderskeidelik so 'n teologiese en eksegetiese studie. Met 'n gedefinieerde doelwit voor oë, is eksegetiese resultate wat die gevolg is van 'n behendige beheer en uitleg van die Griekse teks van die Nuwe Testament, selfstandig en wetenskaplik geïntegreer en georden. Hiernaas is teologiese kwessies rakende die sending daarop en van daaruit beredeneer en praktiese implikasies binne die ruimte van die kerk vir die kerk aangetoon.

Die titel van die proefskrif behoort in die lig van die bostaande miskien aangepas gewees het. Die begrip 'geregtigheid' met sy voorsetsel 'in' kon eerste as aanduiding van die eksegetiese werk genoem gewees het en die begrip 'sending' met 'n ander voorsetsel daarna as aanduiding van 'n teologiese beredenering.

## DOELWIT EN RESULTAAT

Engelbrecht sê (bl 173) die aantoon van die verband tussen die outeur van die Matteusevangelie se begrip van geregtigheid en sy opvatting oor die sending die hoofoogmerk van die studie is. Hierbenewens wou hy die betekenis van hierdie koppeling vir die sending vandag (bedoelende klaarblyklik sendingteorie en sendingpraktyk) navors. Dit strek tot sy krediet dat hy deurgaans hierdie breë doelwit in gedagte

hou en telkens by aanbieding van nuwe inligting aanduiding daarvan gee. Die selfstandigheid van die studie is nie geleë in die raaksien van die verband tussen die begrip 'geregtigheid' en die sending van die dissipels in die Matteusevangelie nie. Die selfstandigheid bestaan enersyds in 'n sekere sin uit die metodologiese vooronderstelling van waaruit bogenoemde koppeling beredeneer word, naamlik die sogenaamde 'aangepaste redaksienavorsingsmetode', en andersyds uit die veronderstelling dat die outeur van die Matteusevangelie 'n Deuteronomistiese teoloog sou wees en dat dié teologie die grondliggende krag agter die genoemde koppeling is.

Waar Engelbrecht meen dat sy eksegetiese metode 'n vooronderstelling is, daar is hy absolutisties ten opsigte van die outeur se Deuteronomistiese 'denkrigting' (vgl o a bl 62 waar dié term gebruik word). Kyk byvoorbeeld die volgende stellings: 'Dit is **net** teen die agtergrond van die Deuteronomistiese siening ... dat ... duidelik word ... (bl 89); 'Mt se opvatting van heilsgeskiedenis kan **alleen** teen die agtergrond van sy intensiewe benutting van die Deuteronomistiese teologie verstaan word' (bl 98); 'Mts se skrywerstegniek sal **net** vanuit sy Deuteronomistiese geskiedbeskouing reg verstaan word' (bl 128); '... Mts se wetsverstaan wat **alleen** teen die agtergrond van die Deuteronomistiese teologie verstaan kan word, is ... (bl 152) (my beklemtoning). Metodologiese vooronderstellings word dus tot resultante absolutismes gevoer. En wat is die gevolg? Engelbrecht werk binne 'n 'sirkelproses' waarteen hy self waarsku. Hierdie sirkelredenasie funksioneer soos volg in die proefskrif. Die outeur van die Matteusevangelie neem sy Deuteronomistiese teologie van die gerekonstrueerde bron Q oor en pas dit hier en daar aan. Hoewel Engelbrecht (bl 36) gelyk gegee moet word dat die uitwys van Q as bron nie só hipoteties is as wat sommige kritici van die tweebronne-teorie meen nie, bly dit 'n hipotetiese rekonstruksie wat nie voorhande is nie. Dit is eenvoudig so dat dit 'n blote veronderstelling is dat Q 'n invloed op die wording van die Matteusevangelie uitgeoefen het. Insgelyks moet die uitgangspunt dat Q 'n draer van die Deuteronomistiese tradisie is, as hipoteties beskou word. Dus: Die redaksienavorsingsmetode is 'n metodologiese **vooronderstelling,** Q is 'n **hipotetiese** bron wat in 'n geneties-kousale opsig 'n beslissende invloed op die skrywer van die Matteusevangelie uitoefen, en die funksionering en gebruikmaking van 'n 'sistematiese, komprehensiewe' (bl 9) 'denkrigting', naamlik die voor-eksiliese Deuteronomistiese teologie, word in die vroeë kerk **veronderstel.** Laasgenoemde vooronderstelling is in die lig van 'n tydsfaktor baie minder

waarskynlik as Rudolf Bultmann se uitgangspunt dat die na-apostoliese Gnostiek as komprehensiewe ideologie grondliggend aan die Johannese teologie veronderstel moet word. Die tipe kritiek wat Bultmann as gevolg hiervan ontvang het, moet die kandidaat dus soveel te meer self verwag. Ons het in die proefskrif 'n pragtige voorbeeld van 'n 'hipotese-netwerk' wat 'n 'moeilik kontroleerbare metode' is en wat volgens Engelbrecht self deur 'n eksegeet 'vermy' moet word (bl 7).

Engelbrecht het stroom-op, teen die grein van die teenswoordige navorsingsmetodiek wat algemeen in Suid-Afrika toegepas word, 'n histories-kritiese werkwyse gevolg. Hierdie onafhanklike ingesteldheid moet waardering geniet. Hy het uitgekom by 'n gefundeerde, kritiese besef dat daar 'n afstand tussen die Matteusevangelie en moderne teologiese aangeleenthede soos sendingteorie en sendingpraktyk bestaan. Dit is 'n baie belangrike kenteoretiese insig wat inherent met die historiese kritiek gepaard gaan en op sigself betekenisvol is. Dit is jammer dat hierdie insig nie deurgewerk het na 'n teksteoretiese besinning ten opsigte van die distansie tussen die eerste-eeuse Matteusteologie en die voor-eksiliese Deuteronomistiese literatuur nie. Engelbrecht het oortuigend aangetoon dat Deuteronomistiese motiewe 'n belangrike rol in Matteus se boodskap vervul. Die genetiese kousaliteit daartussen kan egter nie beredeneer word met 'n 'redaksienavorsingsmetode' wat nie gekruisstut wil word deur die resultate van die tradisie-kritiek en dié van die vorm-kritiek nie. Eweneens kan die afstand tussen antieke teologiese motiewe en hedendaagse teologiese kwessies nie oorbrug word met 'n redaksienavorsingsmetode wat nie met 'n hermeneutiese model opgevolg is nie. Moet die leemte aan die einde van die proefskrif dat nagelaat word om aan te dui hoe Matteus se menslikheidsopvatting in 'n moderne sendingsopvatting, soos dié van die Nederduitsch Hervormde Kerk, verdiskonteer moet word, hieraan toegeskryf word? Hiermee word egter nie gesê dat die bepaalde eksegetiese metode per se nie gebruik mag word nie. Die proefskrif toon wel 'n gebrek aan 'n oortuigde teksteoretiese, kenteoretiese en hermeneutiese besinning rondom die doelwit van die studie, die Matteusevangelie wat as teks ondersoek word en die teologie met die oog waarop die studie gedoen is.

## EKSEGESE EN RESULTATE

Die hoë standaard van die proefskrif kom veral in die uitmuntende eksegetiese vermoë van dr Engelbrecht na vore. Engelbrecht kompileer

in geen opsig nie, maar voer deurdringende debat met vakgenote oor selfs detail-aspekte van tekste se interpretasieprobleme. Uiteraard sal daar op baie plekke met hom oor sy besondere interpretasie verskil kan word. Hierop word daar nie nou ingegaan nie. Gedeeltes wat beïndruk het, is die gesprek met Garland oor Matteus 23 op bladsy 55; dié met Strecker oor Matteus 11: 25—30 op bladsy 73; dié met betrekking tot die 'nulpunt' waarop Israel se geskiedenis uitgeloop het (bl 82); dié met betrekking tot die onderskeid tussen die Joodse leiers en die Joodse skare na aanleiding van Matteus 21: 45 op bladsy 84; dié met Trilling oor *to laós* op bladsy 87; die korrekte interpretasie van Strecker se standpunt oor die verhouding tussen geskiedenis en eskatologie op bladsy 94; die koppeling van die Dawidsmotief en die versorging van die volk (kyk o a bl 97); die redenasie oor die sending in die Matteus-evangelie (bl 108); die insig dat Matteus 22: 1—10 deel van 'n triologie is (bl 118); die debat met Frankemölle na aanleiding van die Abraham-verbond op bladsy 122 en die vergelyking tussen Matteus en Paulus op bladsy 158.

Daar is egter ook 'n paar plekke waar Engelbrecht nie aan vakgenote reg laat geskied nie. Die afwesigheid van die hantering van die redaksie-kritiese werk van Peter F Ellis (*Matthew: His mind and his message*) en dié van J D Kingsbury (*Matthew: Structure, christology, kingdom*) is onverskoonbaar. Die rede hiervoor is waarskynlik daarin te vind dat die kandidaat feitlik glad nie die invloed van die oorname van die Markusraamwerk en aspekte van die Markaanse teologie deur die outeur van die Matteusevangelie verdiskonteer het nie. Dit is 'n ernstige leemte in die werk. Die feit dat Q feitlik alleen in hierdie verband in die proefskrif funksioneer, skep onvermydelik die indruk dat die geïdentifiseerde Deuteronomistiese teologie geforseerd oorbeklemtoon gaan word. Die hantering van die Markusevangelie as bron sou hoogs waarskynlik die resultate van die proefskrif beïnvloed het. Maar afgesien hiervan, 'n debat met Kingsbury, as een van vandag se bekendste Matteusnavorsers, oor die verband tussen heilsgeskiedenis, Christologie en struktuurpatrone in die Matteusevangelie het veral op hoofstuk 5 van die proefskrif betrekking en sou ook die interpretasie van die uitdrukking *akolouthein opísō moû* op bladsy 144 kon verdiep het. Insgelyks kon die hantering van die werk van MG Kline (*The Old Testament origins of the gospel genre*) op bladsy 100 'n ander leemte in die proefskrif voorkom het, naamlik 'n gedetailleerde uitwerking van die vermeende formele ooreenkoms tussen die Moses-toesprake in Deuteronomium en die Jesus-toesprake in die Matteusevangelie. Daar

word ook nie genoegsame erkenning op 'n paar plekke in die proefskrif en veral op bladsy 61 aan Paul Minear (en miskien aan die resensent) oor die interrelasionele karakter-funksies tussen Jesus en die Joodse leiers en die skare en die dissipels gegee nie. Die onderbeklemtoning van die rol van die dissipels kon hierdeur opgevang gewees het. Dit sou die resultaat met betrekking tot die voortgesette 'Jode-sending' in die na-pase-tydvak wesenlik beïnvloed het.

Die grootste beswaar in hierdie verband raak Engelbrecht se gebruikmaking van die insigte van Willi Marxsen. Volgens hom het Marxsen prinsipieel 'n ander *redaktionsgeschichtliche* werkwyse as Gunther Bornkamm toegepas. Hy beweer dat Marxsen se metode 'n algehele breuk met die *Formgeschichte* en die opvatting oor die genetiese kousaliteit tussen die (derde) *Sitz im Leben* en die vorm van die teks verteenwoordig. Daarenteen sou Bornkamm nader aan die *Formgeschichte* staan. Engelbrecht sien homself as 'n vertolker van die gevolge van Marxsen se werkwyse. Dit het hom by 'n 'aangepaste redaksienavorsingsmetode' uitgebring. Sy beredenering is egter nie op 'n korrekte interpretasie van Marxsen gebou nie. Prinsipieel kan ek geen verskil tussen die werkwyse van Bornkamm, Marxsen of Engelbrecht self sien nie. Bornkamm het grotendeels van die Markusevangelie as bron en die *corpus permixtum* van die Matteusgemeente as die *Sitz im Leben* uitgegaan; Marxsen het van pre-Markaanse tradisies as bron en die op-die-wederkoms-afwagtende Markusgemeente as die *Sitz im Leben* uitgegaan; Engelbrecht het van Q as bron en die Deuteronomistiese denkrigting binne die Matteusgemeente as die *Sitz im Leben* uitgegaan. Prinsipieel is daar geen verskil in die geneties-kousale beginsel tussen die sogenaamde tradisionele *Redaktionsgeschichte* en die sogenaamde aangepaste redaksienavorsingsmetode nie. Laasgenoemde toon ook nie ooreenkoms met die literêr-kritiese georiënteerde redaksie-kritiek in veral Amerika wat wel 'n verskuiwing verteenwoordig nie. Engelbrecht se kritiek op die tradisionele *Redaktionsgeschichte* op bladsy 29 geld dus eintlik ook vir homself. Sy gebruik van die konsep *Sitz im Leben* in die sin van 'n 'allesomvattende omstandighede' help eintlik niks nie (vgl bl 31; 44; 63; 72–74) en so ook sy verwysing na die **buite-tekstuele** outeur van die Matteusevangelie as 'Mts'. 'n Meer bewuste tradisie-kritiese inset van die kant van Engelbrecht sou klaarblyklik tot gevolg gehad het dat hy genuanseerd rekening met die deurwerking en nawerking van onderskeidelik proto-Deuteronomistiese en post-Deuteronomistiese literatuur in die Ou Testament en binne die Jodedom gehou het. Dit is immers wat MJ Suggs gedeeltelik wou gedoen het toe hy met

betrekking tot Matteus 11: 25–30 die ooreenkomste tussen die wysheidsmotiewe in 'n hipotetiese Wysheidshimne, die Wysheid van Jesus Sirag en die Matteusevangelie probeer aantoon het. Engelbrecht maak te onkrities van Suggs gebruik (o a bl 99 en 152). Hy vermeld te ondeurdag proto-Deuteronomistiese en post-Deuteronomistiese literatuur in dieselfde asem as die Deuteronomistiese, byvoorbeeld op bladsy 66 en 67. Op bladsy 67, 72 en op bladsy 80 toon hy implisiet dat hy wel bewus is van hierdie onderskeid. Engelbrecht moet gelyk gegee word dat die *redaktionsgeschichtliche* metode verfyning nodig het. Daarmee is reeds begin. Tog is dit weer agtergehaal, want navorsers wat dit begin doen het (bv Kingsbury en ook Frankemölle), het op grond van dié verfynende werk by 'n al hoe meer literatuurteoretiese paradigma uitgekom. Dié vakmanne wat nie op hierdie pad wou loop nie (bv Luz en Gundry) werk steeds met die *redaktionsgeschichtliche* paradigma. Daarmee word nie fout gevind nie. Engelbrecht kan dit ook doen. Wat van almal verwag moet word, watter eksegetiese metode ook al gebruik word, is 'n deeglike verdiskontering van teksteoretiese, kenteoretiese en hermeneutiese premisses en implikasies. Ten minste kan daar van Engelbrecht verwag word om in hierdie verband metodologies in te gaan op die premisses en implikasies van die klem wat die kandidaat op die (buite-tekstuele) skrywer se invloed op één van sy beskikbare bronne laat val het.

Inhoudelik, om enkele opvallende sake te noem, is die hantering van die afgrensing van die kerk/dissipels teen die heidene, die transparantteorie en die skeppende krag van die sogenaamde profete-woord onbevredigend. Hierop word nie nou ingegaan nie. Aan die ander kant beïndruk Engelbrecht met sy verbandlegging tussen die verwysings van die woorde *éleos* (= barmhartigheid), *téleios* (= volmaak) en *díkaios* (= konformerend met God se standaard): Engelbrecht wys op bladsy 151 dat *téleios* teenstellend teenoor 'huigelagtigheid' verstaan moet word en op bladsy 154 dat *éleos* teenstellend teenoor 'skynvroomheid' verstaan moet word. Dit is 'n betekenisvolle verbandlegging. 'n Koppeling tussen *éleos* en *téleios* word hierdeur geïmpliseer. Dit is korrek en waardevol dat Engelbrecht beide woorde in die gebruiksarea van die nie-formalistiese wetsgehoorsaamheid hanteer. Dat *éleos* die 'sentrale senuwee' van die korrekte wetsgehoorsaamheid is, is ongetwyfeld waar. Die implisiete koppeling tussen *éleos*, 'volmaaktheid' en Matteus se 'menslikheidstendens' moes egter myns insiens baie eksplisieter gestel gewees het. Ek betwyfel dit dat die vertaling 'lojaliteit' vir die Griekse *éleos*, byvoorbeeld op bladsye 152, 154 en 155, hierdie verband-

legging genoegsaam uitdruk. Dit word op bladsy 162 en 163 wel duidelik dat 'lojaliteit' op 'n manier enersyds met 'persoonlike verbondenheid' en die regte 'mensverhouding' en andersyds met 'lojaliteit teenoor God' te doen het.

Wanneer hierdie verbandlegging eksegeties geëksploiteer word, word perspektiewe geopen wat ander uitlegprobleme in die Matteusevangelie toereikender kan verklaar. Byvoorbeeld, in Matteus 5: 48 word die 'volmaakte' dissipel in ander woorde 'n 'seun van God' genoem. Die dissipels kry op ander plekke dieselfde benaming (vgl Matt 5: 45). Dit is in hierdie verband ook belangrik dat Engelbrecht na die teenstelling 'seuns van die Bose' en *díkaios*, wat ek vertaal met: konformerend met die standaard van God, verwys. Insgelyks is die opmerking van Frankemölle (in sy *Jahwebund und Kirche Christi*, 1974, bl 172) ter sake: 'In der Qualifizierung des Jüngers als "Sohn Gottes" liegt die ... (gegenwärtigen) Ermöglichung für ihn, ebenso "volkommen" (*téleios*) wie "sein Vater im Himmel" zu sein ....' Ons weet dat die Christologiese titel 'Seun van God' baie prominent in die Matteusevangelie is. Die analogie tussen Jesus se *éleos* en dié van die dissipels kom in die lig van die voorafgaande opmerkinge baie duidelik vorendag. En die analogie lê in Jesus se liefde, sy menslikheid. As vervolgens op Matteus 5: 9 gelet word, word gesien dat 'vredemakers' in 'n makarisme 'seuns van God' genoem word. Die saak waarop 'vredemaak' in die Matteusevangelie betrekking het, is meteens voor-die-hand-liggend. Daarom is 'barmhartigheid' (vgl Matt 5: 7) myns insiens 'n beter vertaling van *éleos* as 'lojaliteit'.

## SLOTOPMERKINGE

Elkeen wat eksegeties en teologies met 'n Bybelboek as geheel omgegaan het, weet watter inset, teksbeheersing en belesenheid vereis word. Die mate waarin dit in die proefskrif neerslag gevind het, is bewonderenswaardig. Die feit dat 'n histories-kritiese studie in die Suid-Afrikaanse kerklike konteks aangepak en op 'n wyse hanteer is dat daar selfs aan die einde van die proefskrif 'n oproep gekom het om met Skrifnormatiwiteit erns te maak, is betekenisvol. Die beklemtoning van die belang van die uitwerking van die Matteaanse begrip 'geregtigheid' vir die sendingteorie en sendingpraktyk (en evangelisasie) is vir die kerklike praktyk uiters aktueel.

# Boekbespreking

**Boekaankondigings: Instituut vir Reformatoriese Studies, Potchefstroom**

Van den Berg, JA – *Die plek van die natuurwetenskappe in ons samelewing: Vandag en môre.* 17 bladsye
Van der Westhuizen, PJWS – *Die Boesmans: Hulle kultuur, godsdiens, taal, Bybelvertaling en toekoms.* 23 bladsye
Antonides, H – *Socialism or capitalism? Must we choose?* 22 bladsye
Rookmaker, HR – *Christianity and art.* 19 bladsye
Nürnberger, K – *Maarten Luther se politieke etiek teen die agtergrond van sy teologiese benadering.* 38 bladsye
Van Wyk, JH – *Die etiese reverdiging van kernkrag.* 16 bladsye

**Barkhuizen, JH 1985 – Carmen Christianum**

Pretoria: NG Kerkboekhandel. 195 bladsye. Prys R22,50

**Resensent: Prof JP Louw**

Tradisioneel hou klassici hulle besig met die Griekse literatuur vanaf Homeros tot die einde van die 5de eeu v C, die sogenaamde klassieke periode. In later jare het die Hellenistiese letterkunde vanaf die 4de eeu v C geleidelik meer aandag begin kry hoewel die Christelike letterkunde, veral die daaropvolgende Patristiek gewoonlik aan die teoloog oorgelaat is – en hier het die Rooms-Katolieke teoloë 'n besondere bydrae gelewer. Onder klassici het daar vanweë die feit dat wat onbekend is ook dikwels onbemind is, die ongelukkige cliché ontstaan dat die latere Griekse letterkunde van minderwaardige gehalte is – veral na die kerkliteratuur is dikwels smalend verwys.

Gelukkig het die volgehoue arbeid van sommige akademici oor die wêreld heen geleidelik die geweldige rykdom van die latere antieke Griekse letterkunde ontsluit en is besef dat die Hellenistiese en Patristiese letterkunde baie te bied het wat heel goed met die klassieke letterkunde vergelyk kan word. Toe hierdie skat eers ontsluit is, het die oë ook oopgegaan vir die Bisantynse periode en op die oomblik word

antieke Griekse studies vanaf die klassieke tydperk tot en met die Bisantynse periode as die terrein van die antieke Griekse navorser beskou.

Prof Barkhuizen se boek *Carmen Christianum* is 'n welkome uitgawe omdat dit tot die 6de eeu n C strek en dus by die Bisantynse periode eindig. Dit spits hom daarop toe om 'n verteenwoordigende beeld te gee van die himnografie of, populêr gesproke, die lied wat as literêre genre veral in die Christelike Griekse literatuur as digkuns ontwikkel het. Die boek beslaan drie afdelings. Eerstens 'n Inleiding tot die ontstaan en ontwikkeling van die vroeg-Christelike lied waaruit die belang van die lied as verkondiger van Christelike leerstellings duidelik blyk. Die Christendom het die lied benut as die ideale middel om sy kernstellings oor te dra. Almal kon destyds nie boeke bekostig nie, maar almal kon sing. Die bestudering van die vroeg-Christelike lied bied aan ons waardevolle insigte in die ontstaan en ontwikkeling van die dogmatiek. Verder is die poëtiese kwaliteit van baie van die liedere 'n bewys van die grootsheid van die Griekse gees om nuwe vorme te ontwikkel.

Die tweede afdeling van die boek bevat die Griekse tekste en die derde afdeling 'n vertaling van elke teks sodat die boek ook nuttig kan wees vir 'n breë leserskring. Die tekste strek vanaf Bybelse *cantica* tot die Bisantynse *troparia* en *kontakia* met heelwat materiaal daartussen uit die Patristiek. Sowel liturgiese as nie-liturgiese himnes word ingesluit en bied aan die leser 'n groot verskeidenheid waaruit die polsslag van die vroeë Christelike kerk byna op tasbare wyse gevoel kan word. Daar word tans so baie oor die Christelike lied gedebatteer. Hierdie boek bied waardevolle materiaal tot perspektief.

Vertaling van poësie kan moeilik woordspelinge weergee, maar die volgende drie strofes uit een van die Bisantynse *troparia* ('n Goeie Vrydag-himne) waarin elke strofe met 'n volgende alfabetletter begin, gee 'n voorsmaak van wat die leser te wagte kan wees.

Tussen wetteloses
het die Joodse wetteloses
Hom wat die wet bewaar het
aan die kruishout gespyker.

Met spykers is U vasgenael,
lankmoedige Here
U wat met u hande
die mens geskape het.

U het die dood gesmaak
maar die Dood doodgemaak
en die dooies
laat opstaan soos uit 'n slaap.

Dit is opvallend dat die lied in die vroeë kerk heelwat op die maagdelike geboorte van Christus toegespits was met ook besondere aandag aan Christus se lyding en opstanding. Veral in die lofliedere speel die godheid van Christus 'n belangrike rol. Vergelyk byvoorbeeld:

Daar is Een Geneesheer,
liggaamlik sowel as geestelik,
gebore sowel as nie-gebore,
God wat mens geword het,
waaragtige lewe in die dood,
gebore sowel uit Maria as uit God,
eers onderworpe aan lyding
en toe sonder lyding,
Jesus Christus onse Here!

Dan ook is Bybelse stof soos die skepping, die Fariseër en tollenaar, Lasarus se opwekking, ensovoorts die temas van baie lang liedere wat deels gedien het om die inhoud van Bybelse stof by die gelowiges tuis te bring. Die hele verhaal word omslagtig in liedvorm vertel. Die volgende illustreer hoe Lasarus se opwekking (in 14 strofes) vertel word in die vorm van 'n loflied. Hier word slegs die aanhef en die eerste twee strofes aangehaal:

U het Lasarus u vriend opgewek en hy het uitgeroep:
'Ere aan U, o Heilige, wat sonder begin is, Woord van God,
wat Hades oorweldig het en almal bevry het.'

O Onbegryplike, hoe sal ek besing, of hoe sal ek vertel, o Sondelose,
u dade van die begin af? – Van u wonders,
van u wyse beskikking en verskriklike handewerk?
Watter menslike verstand kan
liedere sing waardig aan U, terwyl dit u onbeskryflike dade aanskou? –
Want met weifellose stem maak U hom wat in die graf vergaan het,
met u woord nuut,

deur u kragtige almag! Vandaar roep ons met 'n lied tot U uit:
'Ere aan U, o Heilige, wat sonder begin is, Woord van God,
wat Hades oorweldig het en almal bevry het.'

Toe u dissipels uit vrees by U gestaan het, o Sondelose,
terwyl hulle u krag afbid,
het U tot hulle hierdie vreeslike misterie toegeroep:
'Lasarus slaap rustig.
Kom dan, laat ons gaan en hom aanskou wat dood is in sy graf,
want 'n skadu is die mens se hele lewe, en soos die blom van die
gras.
Maar Ek sal hom gaan opwek, sodat hy met julle kan uitroep:
Ere aan U, Heilige, wat sonder begin is, Woord van God,
wat Hades oorweldig het en almal bevry het.'

---

**Kritzinger, JJ, Meiring, PGJ & Saayman, WH – You will be my witnesses**

Pretoria: NG Kerkboekhandel. 159 bladsye. Prys R17,50

**Resensent: Prof HG van der Westhuizen**

Hierdie inleiding tot 'n sendingbeleid deur die bekende sendingmanne van die NG Kerk, JJ Kritzinger, PGJ Meiring en WH Saayman, is 'n bietjie duur, maar só uit die praktyk geneem en teologies gefundeerd, dat dit baie kosbaar is. Eintlik is dit 'n goeie voorgeskrewe boek, veral vir studente wat werklik in die praktyk gaan staan en nie maar net 'n paar teorieë moet leer nie.

Om die beste metodes te bepaal, word eers gevra wie sending doen? Dis die kerk, die kerk ekumenies, die sendingorganisasies en les bes die sendeling. By laasgenoemde onderwerp word veel gesê ten gunste van 'n situasie waar die sendeling een van die sendingveldmense is – 'n beleid eie aan die Ned Herv Kerk.

In die tweede hoofstuk word gevra wat sending is? Met die oog daarop dat uit die antwoord komponente aangedra moet word om uiteindelik 'n beleid te bepaal, word verskeie sendingbenaderings bespreek: individu-gerigte (*conversio gentilium*, piëtisties), kerk-gerigte (*plantatio ecclesiae*, Voetius, Bavinck, McGavran), volk-gerigte (Warneck, Gutmann, Keysser, dalk elemente rondom Art III van die Ned

Herv Kerk?), struktuurgerigte (Rauschenbusch, *social gospel*), makrostruktuur-gerigte (ekumenisme).

Die beste metodes word in die derde plek nader beskryf deur eers vas te stel waar sending gedoen word, naamlik in 'n wêreld van sosio-ekonomiese veranderings, herlewing van nie-Christelike godsdienste (bv die Islam: 'In Africa Islam is still the one great influence against which the Christian gospel has to marshall its forces ... Islam is the religion which can fully accommodate the aspirations of Africa. Not so long ago, President Bongo of Gabon, a Christian, dramatically announced his conversion to Islam' bl 93), sekularisasie, ideologieë, mediamagte, en so meer. Jammer dat hier egter ook sommer weggeval word met die vanselfsprekende woorde van die wêreldkoor: 'South Africa's apartheid ideology' (bl 101).

Nadat in hoofstuk 3 nog spesifieke sendingtrefpunte ontleed is (teen die agtergrond dat daar een miljard Christene in die wêreld is, twee miljard mense het geen kontak eers met Christene nie en een miljard het darem kontak), word in hoofstuk 4 laastens die eintlike vraag beantwoord: Hoe? Hier word die kerkgroeiskool van McGavran redelik breedvoerig en positief-waarderend belig. Interessante metodes om die nood van 'n groep mense se verhouding tot die Christendom te bepaal, word aangegee (bv bl 149, 150). Hieruit blyk dat die moderne vak Kommunikasiekunde nogal 'n handige hulpwetenskap vir die Sendingwetenskap kan wees.

Vir baie in hierdie boekie het ons groot waardering. Ten slotte is daar inderdaad nie 'n standaard sendingmetode nie, maar beplanning bly so nodig en aktueel, want dit is die brug tussen waar ons is en waar God wil hê ons moet wees.

Tegnies is die boek goed versorg. Baie min kom 'n setfoutjie voor, soos op bladsy 93: 'Hindiusm', in plaas van 'Hinduism'. Die baie sketse, grafieke en statistiese metodes wat gebruik is, verhoog die aktuele waarde van die werk.

---

**Schulze, Ludi 1984 – Calvin and 'sound ethics': His views on property, interest and usury**

Pretoria: Kital. 107 bladsye. Prys R9,95 + AVB

**Resensent: Dr DJ Smith**

Ludi Schulze het met hierdie boekie beslis 'n aktuele bydrae gemaak tot die Christelike etiek van ons dag. Die gedagtes van Calvyn wat hy

uiteensit, is nie maar net 'n nostalgiese in-herinnering-roep van ons Calvinistiese erfenis nie, maar is 'n erfenis wat werklike waarde en betekenis vir ons dag het, soos ook blyk uit die lyne wat Schulze aan die einde van die boek deurtrek na ons huidige omstandighede. Dit blyk duidelik dat Calvyn beslis 'n paar versoberende gedagtes vir ons tyd het.

Schulze het die boek geskryf met die volgende sake in gedagte: die sogenaamde 'sosiale etiek' met sy geroep om sosiale geregtigheid in die wydste sin van die woord. Dit het 'n mode geword by sommige Christelike etici van ons dag om hulle etiek in 'n totale sosiale gerigtheid te laat opgaan waar vrae soos hongersnood, onderontwikkeling, onderdrukkery en weiering van politieke regte, ongelyke verdeling van rykdom, diskriminasie, ensovoorts tot die eintlike etiese vrae verhef word. Hierteenoor laat blyk Schulze (o a op bl 82) dat ons in die etiek van Calvyn wel ook 'n sosiale gerigtheid vind, maar dan as 'n onderdeel van die ware Christelike etiek wat elke faset van die mens se lewe in die lig van God se Woord stel en elke deel van 'n mens se lewe tot eer van God rig. Hy dui dan ook aan dat daar in die sosiale etiek 'n ongesonde sterk reduksie plaasgevind het.

Nog 'n saak wat hy met die skryf van die boek op die oog gehad het, is die gedagte van die kerk as 'n 'alternative society' wat moet bydra tot die ideaal van sosiale geregtigheid. Ook hier toon hy aan dat dit in Calvyn se etiek gaan om die lewe in dankbaarheid van mense wat in Christus geregtigheid voor God gevind het.

Hy het verder ook die tendens in die etiek in gedagte gehad dat die 'individuele etiek' teruggestoot word ten gunste van die 'sosiale etiek' en dui vanuit Calvyn se etiek aan dat geen Christelike etiek 'n ware etiek kan wees sonder die dimensie van die 'individuele etiek' nie.

Dit wil vir my lyk asof die sterkste stimulus tot die skryf van hierdie boekie vir Schulze daarin gelê het dat hy 'n antwoord wil gee op die mense en groepe wat beweer dat die Reformasie 'n revolusie was en dus as 't ware die indirekte oorsprong van latere revolusies en revolusionêre figure was, en verder ook dat Calvyn self 'n revolusionêre figuur sou wees wie se gedagtes later in die geskiedenis die prikkel tot revolusionêre bewegings sou wees. Schulze behandel twee voorbeelde van standpunte dat die sestiende-eeuse Kerkhervorming 'n revolusie was, naamlik dié van Robert M Kingdon en dié van die Marxiste.

Schulze toon duidelik aan dat beide standpunte op eensydige interpretasies gebou is wat nie rekening hou met die kompleksiteit van die Hervorming nie en ook nie met die feit dat die Kerkhervorming saam-

geval het met die Renaissance-beweging nie. Schulze toon ook aan die hand van twee persone wat duidelike assosiasies met Luther gehad het, aan dat daar so 'n verskeidenheid van kragte in die Kerkhervorming aan die werk was, dat 'n mens nie op die blote gesigwaarde van wat figure binne die Reformasie gesê het, afleidings kan maak nie, maar dat dit binne die komplekse verband van daardie tyd gesien moet word. Die twee figure wat hy as voorbeeld gebruik, is Ulrich von Hutten en Johann Eberlin von Günzberg.

Wanneer Schulze Calvyn aan die woord stel oor sy insigte oor eiendom, rente en woeker (wins), is ons by die hooffokuspunt van die boek. Belangrike insigte van Calvyn is onder andere sy insig van ryk en arm wat van God se kant af aan mekaar gegee is om in 'n verhouding van toegewesenheid op mekaar te leef asook sy insig van eiendom as 'n gawe van God wat tot die gevolgtrekking lei dat eiendom op sigself nie boos en sondig is nie ('n gemeenskaplike insig by al die Hervormers). Hierdie insig het sterk afgegrens gestaan teenoor die houding van die vroeë en middeleeuse kerk wat, onder invloed van die Griekse filosofie, eiendom en besittings as iets met 'n inherente sondigheid gesien het.

Ander insigte van Calvyn wat vir ons dag van belang is en wat in hierdie boek na vore kom, is sy insig van God se goeie orde in die natuur en dat werklik alles, insluitende die mens, die eer van God doen. Dit laat 'n mens dink, as Calvyn die klem sterk daarop laat val, dat 'n mens se pligte swaarder weeg as sy regte. By Calvyn se uitleg van die agste gebod wat hy saamvat in die spreuk *suum cuique* (aan elkeen sy eie – d w s dit wat hy verdien), is dit interessant om daarop te let dat dit sy siening is dat 'geregtigheid' en regte ingebed lê in ons verpligtinge teenoor mekaar – 'n insig waaraan baie moderne beyweraars vir menseregte gerus aandag kan gee.

Belangwekkend is ook Calvyn se siening dat die misbruik van eiendom spruit uit die totale sondeval van die mens wat God se goeie gawe van eiendom vir 'n verkeerde doel inspan. Samehangend hiermee is Calvyn se mening dat die redding in Christus die herstel van God se orde en die herstel van die beeld van God in die mens inhou.

Met hierdie gedagtes van Calvyn as agtergrond maak Schulze aan die einde van sy boek (bl 88 en 89) die versoberende gevolgtrekking oor Calvyn se boodskap vir ons tyd, naamlik dat dit nie so is dat sonde in 'n spesifieke struktuur geleë is nie (hoe goed ken ons in Suid-Afrika nie die argument van die sondige struktuur nie), maar dat die sonde

geleë is in die mense binne die struktuur en dat enige struktuur oopstaan vir sondige misbruik omdat dit deur mense bedryf word.

Calvyn se siening oor rente is vandag nog steeds van belang. In hierdie werkie kom dit na vore dat hy die eerste teoloog was wat die inherente produktiewe funksie van geld asook rente ingesien en erken het. Die kerk van voor sy tyd het heeltemal afwysend gestaan teenoor die neem van enige rente. Calvyn het wel rente toegelaat op geld wat geleen is om mee te produseer (besigheid doen ensovoorts), maar nie op geld wat geleen is om in iemand se daaglikse behoefte van kos en klere te voorsien nie. By dié afdeling bring Schulze geldige argumente na vore teenoor die mense wat Calvyn die vader van die kapitalisme wil maak.

In die epiloog tot die boek (vanaf bl 84), stel Schulze gevolgtrekkinge vanuit Calvyn se standpunte wat 'n duidelike boodskap vir ons tyd inhou en dit is beslis die moeite werd om hiervan kennis te neem. Ek het al van die gevolgtrekkinge in my resensie hierbo ingevleg, maar ek wil ook nog wys op Schulze se gevolgtrekkinge aan die hand van Calvyn se uitleg van die Skrif, naamlik dat die Bybel geen politieke, ekonomiese of sosiale sisteem as die ideale sisteem aan ons voorhou nie en ook dat dit 'n naïewe utopiese dwaling is om te dink dat die sosialisme die oplossing vir al ons probleme kan gee.

Schulze se werkwyse in die boek is van so 'n aard dat hy probeer om Calvyn self en ook die ander figure wat ter sprake kom, aan die woord te stel. Die gevolg is dat Schulze se harde werk en knap akademiese vaardigheid nie sterk na vore kom nie. Juis die feit dat Calvyn en die ander mense so duidelik spreek, is 'n getuigskrif dat Schulze met dié werk in sy doel geslaag het.

Schulze se boek verdien beslis die aandag van die breë publiek – veral leierfigure in die samelewing. Die boek is so geskryf dat dit met vrug gebruik kan word deur nie-teoloë, maar ek is ook van mening dat dit die aandag verdien van elke teoloog wat hom in ons Suid-Afrikaanse konteks aan 'n uitspraak oor eiendom, verdeling van rykdom, geregtigheid en die sosiale vraagstukke van ons land wil waag. Teologiese fakulteite (watter deel van die Suid-Afrikaanse gemeenskap hulle ook al dien), kan slegs daarby baat om die inhoud van hierdie boek op een of ander wyse in hulle etiekleerplan tuis te bring. Die rede hiervoor is dat ek ook, soos Schulze, van mening is dat Calvyn wel iets te sê het vir ons eietydse sosiale vraagstukke waar die kerk ook sy getuienis moet bring.

Dit is duidelik dat Schulze groot moeite gemaak het met sy bronne-

studie. Hy het daarin geslaag om die uitsprake van Calvyn en die Kerkhervorming aktueel vir ons tyd te maak.

Die uitgawe is nou wel nie 'n luukse uitgawe nie, maar vir die prys waarteen dit aangebied word, is dit 'n netjies versorgde hardeband-uitgawe. Ek is nie 'n goeie proefleser nie, maar het net een spelfout op bladsy 89 raakgesien, naamlik *onother* in plaas van *another*. Dit kan 'n aanduiding wees van die goeie versorging van die drukwerk. 'n Mens sou jou geld goed bestee as jy hierdie werkie aanskaf.

---

**Fowler, S 1985. Biblical studies in the gospel and society**

Potchefstroom: Potchefstroom University. Institute for Reformational Studies, F2 Number 34. Sagte band, 136 bladsye. Prys R7,50

**Resensent: Dr E Engelbrecht**

Die betrokkenheid van die gelowige in die gemeenskap word in dié werk lesgewys gefundeer èn inhoud word aan die betrokkenheid gegee. Fowler stel: Die geskape orde is dinamies en verander na die wet van die Skepper. Die mens, as beeld van God, moet die skepping bewerk. Toe die mens God se Woord verwerp het, het sy denke oor die skepping ook verword. Die wêreld is egter 'n versoende wêreld. Die versoening van die mens met God hou die versoening met die skepping in. Alhoewel hierdie tweede verhouding nie die fokus van die evangelie is nie, is dit tog integraal daaraan.

In hoofstuk twee stel die skrywer: Christus is die Woord van God. Versoening en skepping is onlosmaakbaar verbonde. Die einde van God se verlossingsplan is die herstel van die hele skepping. As versoende mense moet die gelowiges by die skepping betrokke wees as die versorgende ontwikkelaars. Dit is opvallend hoe naby hierdie siening van Fowler aan dié van HR Niebuhr lê.

Ten spyte van die sonde bly God se Woord nog steeds die skepping orden. Hierdie ordening is integraal met God se verlossingskema. Versoening vervul God se Woord vir die skepping. Hierdie verhouding is die grond van die Christen se betrokkenheid by die skepping.

In die verbondsverhouding tussen God en mens bepaal God se Woord die verhouding. Die Skrif is ook die norm vir vrugbare lewe elke dag. Alhoewel elke opdrag in die Skrif in 'n bepaalde konteks gegee is, is die opdragte telkens die openbaring van wat liefde is.

Christene moet getuig vir persoonlike integriteit en regverdige strukture in die gemeenskap. Christene moet 'nee' sê vir die wêreld wat deur die mens se opstand bederf is en 'ja' sê vir die wêreld wat deur Christus versoen is. Die kerk moet getuig dat Christus Here is van die hele skepping.

Fowler gee ook aandag aan die toekomsverwagting van die kerk, 'n verwagting wat die loutering van die hele skepping insluit. Hy beklemtoon veral dat die optrede van Christene in die wêreld nie die bedoeling het om die koninkryk deur menslike optrede te vestig nie. Die enigste wapen wat die kerk het, is die verkondiging van die waarheid.

Hierdie werk is 'n nuttige inleiding op die vraag na die kerk se betrokkenheid in die samelewing. Kort aantekeninge maak die voorstelle van aanvullende leesstof handig. Dit is opvallend hoe die vooronderstellings van die Kuyper-Bavinck-trajek dit vir Fowler moontlik maak om die Christen nóú by die gemeenskap te betrek en besondere klem op die sosiale verantwoordelikheid van die gelowiges te lê. Naas die Swart Teologie en die Neo-Marxistiese teologieë van revolusie is die Kuyper-Bavinck-trajek een van die teologieë wat besondere aandag aan die verhouding van die gelowige tot die gemeenskap gee. Van die begin af was dié teologie bewus daarvan dat revolusionêre denke teengestaan moes word. As sodanig behoort ook van Fowler kennis geneem te word.

---

**Fowler, S 1985. The Word of God**

Potchefstroom: Potchefstroom University. Institute for Reformational Studies. Series F, F2 Brochures, Number 33. Sagte band, 48 bladsye.
Prys R4,00

**Resensent: Dr E Engelbrecht**

Hierdie werk is die eerste in die Fowler-reeks wat eintlik handel oor Christelike optrede om sosiale vernuwing tot stand te bring. As eerste in die reeks dien dié studie as vooronderstelling vir die reeks. In die trajek van Kuyper-Bavinck bied Fowler 'n 'omvattende siening' van die Woord van God. In hierdie siening beklemtoon hy dit dat 'die skepping 'n welsprekende, duidelike en onmiskenbare, sigbare getuie van God is'. Hy beklemtoon dit egter ook dat die Skrif 'n unieke plek

beklee. Oor hierdie verhouding tussen skepping en Skrif wil die leser meer hoor. Hoe gaan die gelowige 'Godgegewe norme in die daaglikse ervaring van die skepping' raaksien? Hoe is dié norme 'n verlenging van die Godgegewe norme van die Skrif? Deur te sê dat hierdie twee fasette van die openbaring in wisselwerking tot mekaar staan, beantwoord nog nie al die vrae nie. Dit beantwoord nie die vraag hoe die gelowige prakties sy lewe sal rig volgens hierdie omvattende, maar nogtans dubbele norme nie.

Omdat skepping en Skrif in wisselwerking staan, groei die gelowige se verstaan van die Skrif soos wat sy verstaan van die skepping uitbrei.

Fowler onderskei duidelik tussen Godgegewe grondbeginsels vir ons lewe en die menslike sistematisering van die beginsels wat afgelei word uit die Skrif. Dit is vir die leser nie duidelik hoe die Godgegewe beginsels in die skepping en in die Skrif vasgestel sal kan word sonder 'n interpreterende daad van die gelowige se kant nie.

Hierdie boekie vermoei die leser onnodig. Die rede vir hierdie vermoeiing is veral omdat die leser met te veel onbeantwoorde vrae worstel. Fowler se kort paragrafies wat gewoonlik uit ingewikkelde geformuleerde stellings bestaan, dra ook by tot die vermoeiing van die leser omdat die leser self dikwels die verband tussen hierdie paragrafies moet soek.

Dié reeks van Fowler is 'n goeie voorbeeld van hoe daar in die Kuyper-Bavinck-trajek 'n eie openbaringteologie ontwikkel word. In hierdie teologie speel die skeppingsopenbaring 'n sterk rol. Om hierdie rede ontvang die taak om die skepping te ontvou en die opdrag om die evangelie te verkondig, amper ewe veel klem.

Hierdie boekie is van belang in 'n tyd waarin die vraag na die politieke en kulturele opdrag van die kerk brandend geword het. Die boekie is ook 'n duidelike voorbeeld van die enorme invloed van Skrifbeskouing op die ander lokusse van 'n sisteem.

---

**Van Rensburg, J J 1985. Nie deur geweld – 'n Kritiese studie oor rewolusie en teologie**

Pretoria: NG Kerkboekhandel. Sagte band, 73 bladsye. Prys R5,50

**Resensent: Dr E Engelbrecht**

Hierdie werk is gebaseer op die doktorale proefskrif wat die skrywer in 1979 aan die Universiteit van Stellenbosch ingehandig het.

Van Rensburg benader die Teologie van Revolusie (Teologie van Revolusie, Swart Teologie en Teologie van Bevryding) histories. Hy begin by die bakermat van die Westerse beskawing en loop die beginsels waarop revolusie gegrond is, vlugtig na tot by Bloch en Marcuse. In hoofstuk twee wys die skrywer op 'n anti-revolusionêre beweging waarin Stahl, Van Prinsterer en Kuyper sterk op die voorgrond tree. Hierdie rigting het nie alleen revolusie sterk teengestaan nie, maar ook 'n positiewe denke ontwikkel oor hoe om verandering in 'n onregverdige samelewing te bewerkstellig. In hierdie denke moet die Christen nóú by die politiek betrokke raak. Kuyper stel teenoor die revolusionêre gedagtes van die gelykheid as gelykmaking van alle rasse sowel as teenoor gelyke stemreg, dat elke ras sy identiteit moet behou en 'n stelsel van verteenwoordigende stemreg.

In die historiese nagaan van die bo-lope van die Teologie van Revolusie (die omvattende verskynsel) wys die skrywer op die sleutelrol van vermeende of werklike skending van menseregte as faktor wat die revolusiegees stimuleer. Hier in die bo-lope wys hy ook op Bloch en Moltmann.

Na die behandeling van die aanlope en bo-lope, bespreek die skrywer die Teologie van revolusie, die Swart Teologie en die Teologie van bevryding. (Die leser hoef hom nie van stryk te laat bring deur die skrywer se nie-konsekwente gebruik van hoofletters nie.)

Die skrywer beoordeel die Teologie van Revolusie (omvattende verskynsel) positief en negatief. Positief: (1) Verandering is 'n Bybelse begrip en dus 'n wesenlike deel van die Christelike geloof. Dit impliseer ook die vernuwing van menslike strukture. (2) Deur hierdie denkrigting is die aandag gevestig op die wantoestande en die noodsaak vir die kerk se daadwerklike optrede. (3) Die kerk word deur dié teologie geleer om die samelewing nuut te struktureer. Wanneer hy dié teologie negatief beoordeel, behandel die skrywer die invloed van die filosofie, onaanvaarbare Skrifgebruik, eensydige toekomsverwagting, verskraalde roeping, onkritiese solidariteit, politieke betrokkenheid, universalistiese versoeningsleer en die afhanklikheid van geweld in dié denkrigting.

Die skrywer pleit ten slotte vir 'n gekontroleerde geweldlose verset teen onreg. Vernuwing impliseer radikale verandering. Hy verwerp die idee van revolusie as strategie tot verandering. Dié weg word deur Sagaria 4: 6 aangedui.

Alhoewel Van Rensburg sy studie as 'krities' in die opskrif van die werkie beskryf, lê die waarde van sy werk eerder in die beskrywende

gedeeltes. In 'n skryftrant wat boei, maak hy moeilike filosofiese en teologiese gedagtes vir die leser duidelik. Die skrywer werk breed en oorsigtelik eerder as in diepte. Hierdeur dien die werkie as oriëntering ten opsigte van die onderwerp van revolusie en teologie.

Dit is 'n ope vraag of 'n mens saam met die skrywer die Teologie van Revolusie sal toegee, naamlik dat die kerk die samelewing tot 'n nuwe orde moet verander. Wanneer Van Rensburg pleit vir 'n verandering deur die Gees en deur geweldlose verset, vergeet hy dat die revolusieteologie reeds aan verandering 'n inhoud gegee het. Hierdie inhoud is nie toevallig nie, maar deel van 'n godsdienspatroon.

As 'n mens die revolusieteologie se begrip, **verandering**, toegegee het, maak dit nie meer baie saak of jy gewelddadige of nie-gewelddadige metodes voorstaan nie. Die praktyk self leer dat nie-gewelddadigheid dikwels in 'n oogwink oorgaan tot gewelddadigheid.

Boesak se 'vreedsame' standpunt en optrede, en die massa-optrede wat hiermee assosieer, is hiervan 'n duidelike voorbeeld. 'n Verdere voorbeeld van die proses 'geweldloos na geweld' vind 'n mens by die Christelike Instituut wat in 1976 nog geweldlose optrede bepleit het. Dit is ook belangrik om te onthou dat verandering in Neo-Marxistiese sin, 'n klaslose sosialistiese samelewing insluit.

---

**Van der Walt, J 1985 – Calvin and his times**

Potchefstroom: PU for CHO. Institute for Reformational Studies, F2 Brochures Number 32. 154 bladsye. Prys onbekend.

**Resensent: Prof S J Botha**

Hierdie is nog een van 'n reeks Engelse publikasies rondom die Kerkhervorming wat deur die Instituut uitgegee is en waarvan nog meer in voorbereiding is. Die onderhawige werk is 'n netjiese en goed versorgde publikasie wat in een-en-twintig kort hoofstukke die groot Kerkhervormer op die voet probeer volg vanaf sy studentedae in Parys tot by sy dood op 27 Mei 1564. Dit is egter nie 'n biografie nie en ook nie 'n poging om Calvyn se teologie in diepte te ondersoek en te evalueer nie. Tog is dit 'n nuttige en bruikbare werk om Calvyn en sy tyd ook vir die nie-teoloog te laat lewe. Hiertoe lewer die feit dat die werk vloeiend lees en maklik verstaanbaar is, 'n belangrike bydrae. Vreemde woorde of begrippe is agter in 'n 'glossary' nader verduidelik.

Formele foute is tot 'n minimum beperk en die lastigste is op bladsy 144 waar 'n deel van die heel laaste sin of paragraaf weggeval het.

Die boek word graag aanbeveel by sowel predikante as lidmate wat graag meer oor Calvyn te wete wil kom. Ten slotte nog die opmerking: Dit sou nuttig gewees het om 'n Afrikaanse weergawe van die werk vir die Afrikaner-kerkvolk beskikbaar te stel!?

---

**Kital – Jeugwerk: Programsketse I en II**

Pretoria: Kital. Harde band. 135 en 197 bladsye onderskeidelik

**Resensent: Ds PJ van Staden**

Hierdie twee netjies versorgde Kital-publikasies het ontstaan na die inleidende en gevorderde kursusse vir jeugwerk. Daar was 'n behoefte aan inhoudstukke op seminaarbasis wat bruikbaar kon wees vir jeugbyeenkomste. Die meeste predikante wat die kursus deurloop het, het meegewerk om onderwerpe so volledig moontlik te identifiseer. Hulle, asook 'n paar ander kundiges het onder leiding van Kital gesorg vir die stukke.

Vir jeugwerk in ons Kerk is hierdie publikasie 'n móét. Dit is ook bruikbaar vir predikante en lidmate wat nie ervaring van die seminaarmetode het nie, omdat gepoog is om in elke afsonderlike stuk so volledig moontlik riglyne te bied vir die aanbieding. Dit sluit in lokaalinrigting, vrae vir kleingroepbespreking, hulpmiddels, ensovoorts. In die meeste gevalle word die tydsduur van elke deel aangedui en soms ook paslike Bybelgedeeltes wat met die opening gelees kan word (dit kon meer gedoen gewees het), asook 'n verkorte opsomming vir die moontlike gebruik van 'n oorhoofse projektor.

'n Groot verskeidenheid onderwerpe word behandel wat onder andere insluit: die raaksien van God se voorsienigheid; die Christen en sport; wedergeboorte, bekering, die keuse van 'n huweliksmaat; die Bybel as enigste norm; tug, die hel, Satanisme; doop met die Gees; pasifisme, reïnkarnasie, besittings; wat verwag die Kerk van sy jongmense; dienswerk van die gelowige; lewe na die dood; arbeid as roeping; aborsie; nagmaal; wederopstanding van die vlees; die voorleser; Christen- en Afrikanerskap; televisie; Kerk en sekte (Programsketse I) en alkoholisme; die aanslag teen die jeug; ander godsdienste; letterkunde; drie-eenheid; die gawes van die Gees; volkseie en -vreemde

organisasies; die Kerk en die owerheid; die getuienistaak van die jongmens; ek en my volk; ek en die Ou Testament; elemente van die erediens; erediensbywoning; geld by die nagmaaltafel; goeie werke; groepsidentifisering en konformering; heiligmaking; homoseksualisme; liefde vir die vyand; offerbereidheid; proefhuwelik; seks – wanneer dit sonde is; sonde en sy gevolge, andertaliges en -kleuriges; volksfeeste; voorhuwelikse verhouding en militêre diensplig; die rede vir katkisasie; die bevel om 'n naaste te word (Programsketse II).

Wat ek in die boekies mis, is 'n kort voorwoord waarin iets oor die agtergrond en doel hiervan gesê word. Hoewel ek ten volle begrip daarvoor het dat elke stuk 'n onafhanklike geheel moet vorm, dink ek tog dat dit sinvol kan wees as in die inleidende hoofstuk ook die lokaalinrigting, kleingroepplasing, die waarde van 'n ysbreker, ensovoorts behandel kan word, in plaas daarvan dat dit meer of minder volledig in elke stuk voorkom. Dit kan byvoorbeeld verwarrend wees as die getal in 'n kleingroep soms bepaal word as ongeveer 5, soms 'nie meer as 6 nie', dan weer, '5–8' en '5, 7 of 9'.

Soos te verwagte in die geval van verskillende medewerkers (en onderwerpe), verskil die bruikbaarheid van die stukke. Sommige is duidelik produkte van predikante wat redelik ervare in die metode is. 'n Paar is waarskynlik prakties getoets voordat dit gepubliseer is. Ander getuig weer daarvan dat van die samestellers nog redelik onervare in die aanbiedingsmetode is en dat aanpassings gemaak sal moet word by latere gebruik. Daar is enkele gevalle waar heelwat bygewerk sal moet word, byvoorbeeld waar die lesingtyd aangedui word as 30 minute, terwyl die geskrewe stuk skaars 'n enkele bladsy beslaan.

In sy geheel gesien is dit egter 'n publikasie waarvoor ons baie dankbaar kan wees. Met vrymoedigheid kan ek dit aanbeveel vir gebruik, veral by jeuggroepe. Ons Kerk se jeug is beslis baie armer hiersonder.

---

**Instituut vir Reformatoriese Studies 1985 – Rondom die teekan**

Potchefstroom: PU vir CHO. 144 bladsye. Prys R7,00. 17 temas deur lidmate en predikante van die drie Afrikaanse kerke

**Resensent: Ds WH Swart**

Hierdie is waarlik 'n boek wat in sy doel slaag om 'n publikasie te wees uit die studentegeledere vir die studentegemeenskap van die PUK om

by informele geselsgeleenthede om 'n teekan, te bespreek. Die IRS slaag hier in sy doel, maar ek glo dat die wyse van aanbieding en die hantering van hierdie uiters aktuele temas vir elke studentegemeenskap en in besonder vir die studentegemeentes, van groot waarde kan wees. Die redaksionele nawoord is waar dat dit 'Aan alle Pukke, Kovsies, Witsies, Tukkies, Ikeys, Maties...' en ek sou wou byvoeg aan die jong mense van ons Kerk en volk wat byna daagliks met hierdie temas gekonfronteer word, gerig is.

Hoofstuk 1 met die opskrif 'Vivat Academia' bied 'n basiese oriëntering en lei die leser in 'die proeftuin' waar Gereformeerde gedagtes van Christelike wetenskap gekweek en vertroetel word. Die 'bril' waardeur die studente op die PUK-kampus moet kyk, kom duidelik na vore in die PU vir CHO se Christelike wetenskap-beoefening: Godsdiens op die gebied van die akademie. Aanvanklik dreig juis dié bepaalde filosofie om hierdie publikasie slegs vir 'n klein teikengehoor te bestem, maar omdat die tema nie verder uitgewerk is nie, behalwe die plekke waar dit in van die temas aangesny word, is die onderwerpe vir die teikenbevolking van studente en ander werkende jeug, ongeag hulle kerkverband.

Hoofstuk 3 en 4 dien spesiaal vermeld te word. Onder die tema 'Baas of slaaf van myself' slaag ds Martin Lazenby daarin om op 'n voortreflike wyse die mens na homself te laat kyk. Die skrywer slaag daarin om die gestaltes van die ek-religie so te teken dat die leser 'n goeie begrip kry van dit wat jou kortwiek in die opbou van jou selfbeeld en jou verhinder om te groei na 'n gebalanseerde, geestelike volwasse mens. Met treffende skematiese voorstellings word 'n baie moeilike saak uitgebeeld van die lewe van die onbekeerde mens en dié van iemand wie se lewensentrum deur Christus beheer word. Hierdie waardevolle tema met sy nugtere lewenswysheid word netjies afgesluit met die toetsvraag: 'Tot wie se seën leef ek?'

In Hoofstuk 4 met die tema: 'Van sleep tot slaap' bring ds Etienne Schalekamp die saak van liefde en seks onder die soeklig. Die skrywer bewys hom hier as 'n kenner van die student, sy gedagtes en liefdeservarings met alles wat dit meebring. Sonder om prekerig te wees, gee die skrywer duidelike riglyne vir 'n liefdesverhouding en hoe so 'n verhouding positiewe groei kan ondervind, maar ook die toets of die verhouding bestem is vir verdere ontwikkeling.

Hierdie artikel oriënteer nie alleen die jongmens ten opsigte van 'n liefdesverhouding en die regte keuse van 'n huweliksmaat nie, maar bied ook kosbare riglyne en positiewe gedagtes vir studente om met

mekaar oor hierdie aktuele saak te gesels aan die hand van God se Woord en vir ouers om hulle tieners beter te verstaan en voor te lig met betrekking tot hierdie saak wat dikwels vir ouers en kinders sensitief is.

Om die teekan sal daar inderdaad kopstukke gepraat kan word en in geen onduidelike taal gehoor word wat reg en verkeerd is. Die kennisinsette wat *Rondom die teekan* lewer, kan bydra dat daar nie ongekontroleerd gepraat word oor ons manier van praat, kleredrag, drankgebruik, groepsgees, jou plek en taak in die groep, keuse van 'n huweliksmaat, die regte tydsbenutting en om doelgerig te leef en te werk en die waarde van 'n gesonde Bybelse toekomsverwagting nie. Met ds Paul de Bruyn se artikel: 'Waarom is dans op die PUK taboe?' kan met goeie reg verskil word, maar die skrywer bring tog interessante perspektiewe na vore wat nie altyd buite rekening gelaat mag word nie.

Die twee hoofstukke: 'Net vir dames' en 'Net vir mans' word op 'n vars en prikkelende manier aan die orde gestel met 'n paar uiters waardevolle wenke. Hier word ou en nuwe gesigspunte na vore gebring wat die leser dwing tot introspeksie en wat alleen maar 'n beter verstaan van myself en van die ander teweegbring. Hierdie twee hoofstukke kan baie bydra tot die opbou van 'n positiewe selfbeeld en om met groter vertroue en begrip te kan optree in die verhoudings- en huwelikslewe.

Alhoewel kontrole- of evalueringsvrae aan die einde van elke tema ontbreek, bied die samevattings, praktiese wenke en toetsvrae tog 'n wyse van opheldering en oordenking en word elke onderwerp op hierdie wyse goed afgesluit.

Die publikasie is goed versorg, stewig gebind en word baie sterk aanbeveel vir predikante, studente, werkende jongmense en ouers met tieners en jeug in die huis. Hierdie temas en riglyne behoort gesprekke rondom die teekan van elke koshuis en ouerhuis sinvol en positief te stimuleer en te rig. Hier is kosbare riglyne in 'n duidelik verstaanbare taal wat studenteverenigings, individue en ouers in huisvergaderings met reg kan gebruik in verbale en nie-verbale kommunikasie.

Baie geluk IRS met 'n tydige en puik publikasie en onderneming.